Deurnaggesange: Verteller teks:

No 1: Kom aanbid Hom

Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde,
Hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!
Kinders en suigelinge besing die magtige werk wat U tot stand gebring het.
So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring.
As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers,
Die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het,
Wat is die mens dan dat U aan hom dink,
Die mensekind dat U na hom omsien?
(Ps 8)

No 2: Loof die Here, O my siel

Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof.
Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.
Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siektes genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.
(Ps 103)

No 3: Geseënd is hy wat die raad van die goddelose nie volg nie

Ek roep na U, Here, kom tog gou na my toe,
Luister tog na my, ek roep na U
Mag my gebed voor U wees soos 'n wierookoffer,
Die uitstrek van my hande soos 'n graanoffer in die aand.
Sit 'n wag voor my mond, Here,
Hou tog wag oor wat ek sê.
Hou my gedagtes weg van verkeerde dinge,
Dat ek nie in sonde verval saam met manne wat onreg doen nie, en dat ek nie deelneem aan hulle feeste nie.
Op U, Here my God aan wie ek behoort, is my oë gerig,
By U skuil ek.
(Ps 141)

No 4: Suiwer Ligglans

In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.
(Joh 1)

No 5: Heer laat nou U dienskneg gaan

Daar het destyds 'n man met die naam Simeon in Jerusalem gewoon. Hy was getrou aan die wet en vroom, en het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Die Heilige Gees was op Simeon en het aan hom bekend gemaak dat hy nie sou sterwe voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie. Deur die Gees gelei, het hy opgegaan na die tempel toe. Toe die ouers die kindjie Jesus bring om vir Hom die gebruiklike bepaling van die wet na te kom, het Simeon Hom in sy arms geneem en God geprys en gesê:

> *"Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord, omdat my oë u verlossing gesien het wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke: 'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel."*

No 6: Wees gegroet, begenadigde

Hooggeagte Teofilus!
Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria.Toe die engel by haar kom, sê hy: *"Ek groet jou begenadigde! Die Here is by jou."*
(Lukas 1)

No 7: Eer aan God in die hoogste

Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape die wag gehou het. Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn. Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê:

> "*Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"*

(Lukas 2)

No 8: Prys die Naam van die Here!

Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.
Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.
Die mens, sy lewensduur is soos die van gras, soos dié van 'n veldblom wat oopgaan: as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg.
Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte, vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom.
Die Here het sy troon in die hemel gevestig, sy heerskappy strek oor alles en almal.
(Ps 103)

No 9: Geseënd is U, O Heer

Toe die sabbatsdag verby was, het Maria Magdalena en Maria die ma van Jakobus, en Salome speserye gekoop om Jesus se liggaam te salf. Vroeg die volgende more, op die eerste dag van die week, het hulle hul na die graf gehaas. Op pad daarheen het hulle vir mekaar gevra "Wie sal vir ons die klip voor die ingang van die graf wegrol" want die klip was baie groot. Maar toe hulle daar aankom en opkyk, sien hulle dat dit klaar weggerol is.
(Mat, Mark & Lukas)

No 10: Noudat Christus opgestaan het.

Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?
Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.
(Rom 8)

No 11: My siel maak groot die Here (Magnificat)

Nadat die engel aan Maria verskyn het, het sy haar gehaas na 'n dorp in die bergstreek van Judea. Daar het sy na die huis van Sagaria gegaan en vir Elisabeth gegroet. Net toe Elisabeth die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabeth se skoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul en het hard uitgeroep: *"Geseënd is jy onder die vroue en gesëend is die vrug van jou moederskoot!"* En Maria het gesê: *"Ek besing die die grootheid van die Here, ek juig oor God, my Verlosser, omdat Hy na my in gernigheid omgesien het."*
(Lukas 2)

No 12: Die Groot Doksologie

Luister Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met met hart en siel, met al jou krag. Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.
(Deut 6; Mark 12)

No 13: Vandag het redding gekom

En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word:

Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.
Dood, waar is jou oorwinning?
Dood, waar is jou angel?

(1 Kor 15)

No 14: U het verrys

Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: "*Vrede vir julle".*
Verder sê Hy vir hulle: "*So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' Julle is my getuies van hierdie dinge."*
(Lukas 24)

No 15: Ons sing dankgesange

Jesus sê toe "*Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem.*
Jesus sê toe weer *"Kyk Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde. Ek is die helder Môrester".*
Die Gees en die bruid se: "KOM!"
En elkeen wat die hoor moet sê: "KOM!"
En elkeen wat dors het, moet kom;
Elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet die kom kry, verniet!
(Joh 22)